

Mighty Blues Equestrian Klub 2022

Bl. 1 KONSTITUSIE

Bl. 16 Aanhangsel A: Gedragskode

Bl. 20 Aanhangsel B: Finansiële Beleid

Bl. 23 Aanhangsel C: Dissiplinêre Prosedure

Bl. 27 Aanhangsel D: Klub Embleem



2022-09-29

Mighty Blues Equestrian KLUB, KONSTITUSIE (Vrywillige Assosiasie)

(Goedgekeur op ...29 ste Spetember...2022)



X


Voorsitter

X *Heleen Roper*

Onder Voorsitter

Inhoud

1.	NAAM	4
2.	REGSPERSOON.....	4
3.	BEPERKTE REGSAANSPREEKLIKHEID	4
4.	DIE INKOMSTE EN EIENDOM VAN DIE ASSOSIASIE	4
5.	DOELWITTE	4
5.1	Die Klub het die volgende doelwitte:	4
6.	HOOFKWARTIER (SPORT GRONDE)	4
7.	JURISDIKSIE.....	5
8.	AFFILIASIE	5
9.	LIDMAATSKAP	5
9.1	Lede van die Uitvoerende Komitee	5
9.2	Klub lede	5
10.	AANSOEK EN BEDANKING VAN LEDE	5
11.	DISSIPLINÊRE OPTREDE	6
12.	LEDE VERGADERINGS VAN DIE KLUB.....	6
12.1	Jaarlikse Algemene Vergadering	6
12.2	Spesiale Algemene Vergaderings.....	7
12.3	Vergaderings by wyse van virtuele elektroniese kommunikasie	7
12.4	Rondomtalie Besluite (Round-Robin Resolutions).....	8
12.5	Bywoning van en stemming by Lede Vergaderings.....	9
12.6	Besluite geneem op die Lede Vergaderings	9
12.7	Kworum by Lede Vergaderings	9
12.8	Voorsitter by Lede Vergaderings.....	10
13.	UITVOERENDE KOMITEE	10
13.1	Verkose lede:.....	10
13.2	Aangestelde lede:	10
13.3	Nominasie en aanstelling.....	10
13.4	Termyn van ampsdraers	11
13.5	Ontslag uit die posisie.....	11
13.6	Magte en pligte van die Uitvoerende Komitee	11
13.7	Vergaderings en Kworum van die Uitvoerende Komitee	12
13.8	Voorsitter by die Uitvoerende Komitee Vergaderings	13
13.9	Hersiening en die Nietigverklaring van Besluite	13
14.	BESTUURSKOMITEE	13
15.	DIE VOORSITTER.....	13
16.	FINANSIES	13
16.1	Beheer van die finansies.....	13

16.2	Finansies en Verslae	13
16.3	Lidmaatskap gelde.....	14
16.4	Rekenkundige hersiening (oorsig) van finansiële rekords.....	14
17.	KLEURE VAN DIE KLUB	15
17.1	Klub embleem.....	15
18.	TOEKENNINGS.....	15
19.	WYSIGINGS AAN DIE KONSTITUSIE	15
20.	ONTBINDING	15
21.	INTERPRETASIE	15
22.	Aangeneem op.....	15
23.	Aanhangsels	15
23.1	Aanhangsel A- Gedragskode.....	15
23.2	Aanhangsel B- Disiplinêre Prosedure	15
23.3	Aanhangsel C- Finansiële Beleid.....	15
23.4	Aanhangsel D- Klub Embleem.....	15



1. NAAM

- 1.1 Die naam van die vrywillige assosiasie is Mighty Blues Equestrian Klub (MBEC), hierna verwys na as "die Klub".

2. REGSPERSOON

Die Klub is 'n korporatiewe regs persoon:

- 2.1 wat sal voortgaan om te bestaan, selfs as die lede verander
 2.2 die regs persoon, is geskei van sy ampsdraers en lede, en
 2.3 die bates en laste van die Klub sal gehou word afsonderlik van dié van sy ampsdraers en lede.

3. BEPERKTE REGSAANSPREEKLIKHEID

- 3.1 Die lede en ampsdraers is nie aanspreeklik vir enige verpligtinge en skulde van die Klub.

4. DIE INKOMSTE EN EIENDOM VAN DIE ASSOSIASIE

- 4.1 Lede en ampsdraers het geen regte in die eiendom of ander bates van die Klub uit hoofde van hulle lidmaatskap of as ampsdraers.
 4.2 Die inkomste en eiendom van die assosiasie sal uitsluitlik gebruik word vir die bevordering van sy gestelde doelwitte en sal nie betaal word of verdeel word, direk of indirek aan enige persoon, of aan enige lid van die assosiasie of kantoor- ampsdraers, behalwe as redelike vergoeding vir dienste gelewer aan die assosiasie of terugbetaling van werklike koste of uitgawes redelikerwys aangegaan namens van die assosiasie.
 4.3 **Artikel 20** bepaal wat word van bates by ontbinding.

5. DOELWITTE

- 5.1 Die Klub het die volgende doelwitte:
- 5.1.1 om deelname aan alle ruitersport dissiplines te bevorder vir sowel ontspanning as mededingende van aard te bestuur en te bevorder
 5.1.2 Om die doelwitte van die sport te bevorder soos uiteengesit deur die Suid-Afrikaanse Perdry Federasie, sy verenigings en die Sport Konfederasie, SASCO
 5.1.3 om die Klub so te bestuur dat dit sal bydra daartoe dat die Klub selfonderhoudend en lewensvatbaar bly
 5.1.4 Die administrasie, ontwikkeling, koördinerings en/of bevordering van perdesport:
 5.1.5 Om die reëls en regulasies van alle dissiplines en beheerliggame binne die sport te handhaaf.
 5.1.6 Die bevordering van;
 a) sportmangees en regverdige spel op alle vlakke van die sport, vry van inmenging; om perde te beskerm van alle vorme van misbruik of wreedheid om aldus die welsyn van perde te verseker
 5.1.7 Die Klub sal alle administratiewe pligte fasiliteer om hierdie doelwitte te bereik:
 a) in ooreenstemming met gesonde sake- en finansiële beginsels; en
 b) op 'n nie-diskriminerende en gelyke wyse soos beoog in *artikel 9; van die Grondwet van Suid-Afrika*

6. HOOFKWARTIER (SPORT GRONDE)

- 6.1 Die sport gronde van die Klub word van tyd tot tyd verander afhangend van omstandighede en of beskikbaarheid.
 6.2 Die Uitvoerende Komitee moet 'n fisiese- en posadres bepaal, sowel as die amptelike kontak besonderhede soos e-pos en telefoon welke besonderhede bekend gemaak moet word.

6.3 Die adres afgekondig in terme van **artikel 6.2** word as die fisiese adres beskou van die Klub.

7. JURISDIKSIE

7.1 Die jurisdiksie waarin die Klub sal funksioneer en streef om sy doelwitte te bereik en vervul, is:

7.2.1 die Distrik van Tshwane, Gauteng Provinsie

7.2.2 enige ander gronde wat verkry is vir óf tydelike of permanente gebruik deur die Klub

7.2 Alle lede en amptenare van die Klub is gebonde aan die jurisdiksie van die Klub.

8. AFFILIASIE

8.1 Die Klub affilieer jaarliks aan alle "Equestrian" liggame of strukture waar affiliasie nodig of verpligtend is soos van tyd tot tyd deur die Suid-Afrikaanse Equestrian Federasie voorgeskryf mag word.

9. LIDMAATSKAP

Die volgende kompetierend of nie-kompetierend persone kom in aanmerking om lede van die Klub te wees:

9.1 Lede van die Uitvoerende Komitee

Lede van die Uitvoerende Komitee soos gekies en benoem in ooreenstemming met die voorwaardes soos uiteengesit in **artikel 13**.

9.2 Klub lede

Klub lidmaatskap geskied by wyse van skriftelike aansoek en slegs die Uitvoerende Komitee of die persoon deur hulle aangewys kan, na oorweging, lidmaatskap verleen of weier. Persone uit die volgende kategorieë kan aansoek doen vir lidmaatskap:

9.2.1 Volwasse Kompeterende Ruiters, agtien jaar plus (18+),

9.2.2 Junior Kompeterende Ruiters, onder agtien (-18), verteenwoordig deur 'n voog,

9.2.3 Ondersteunende lede (nie-kompeterende ruiters, eienaars, sosiaal, borge, of afrigters)

9.2.4 Tegniese lede (amptenare en beoordelaars)

9.2.5 Ere-Lede.

Die Uitvoerende Komitee behou die reg om 'n aansoek om lidmaatskap te weier gegrond op billike en regverdigbare redes.

10. AANSOEK EN BEDANKING VAN LEDE

10.1 Alle lede sal aansoek doen vir lidmaatskap op sodanige vorm as wat voorgeskryf word deur die Klub van tyd tot tyd.

10.2 Lidmaatskap is geldig vir 'n kalender jaar, (1st Jan tot 31^{ste} Desember)

10.3 Deelname in enige ruitersport is onderhewig aan goedgekeurde lidmaatskap van die Klub deur die Uitvoerende Komitee.

10.4 Geen lid wat geregistreer is by die Klub in 'n bepaalde jaar mag, sonder die toestemming van die Uitvoerende Komitee, enige ander Klub verteenwoordig binne of buite die distrik van Tshwane.

10.5 'n lid wat aansluit by die Klub bly 'n lid van die Klub vir die tydperk soos per **Artikel 10.2** of tot so 'n tyd as wat die lid oorplasing versoek na 'n ander Klub, of onmiddellik na 'n geskrewe bedanking deur die betrokke lid.

10.6 'n lid is verplig om die jaarlikse lidmaatskap fooie te betaal vir so lank as wat hy/sy 'n lid is van die Klub.

10.7 Alle lede is onderworpe aan die **1^e "Gedragkode"** soos deur die Klub gepubliseer.

¹ Aanhangsel A- Gedragkode

11. DISSIPLINÊRE OPTREDE

11.1 Dissiplinêre aksie sal geneem word teen 'n lid indien die Uitvoerende Komitee bevind dat 'n lid iets gedoen het:

- 11.1.1 in teenstelling met die doelwitte en/of belange van die Klub of die sport in die algemeen of;
- 11.1.2 wat aanstootlik is teenoor sy mede lede.

11.2 As 'n klagte gemaak word teen 'n lid deur of:

- 11.2.1 'n lid van die Uitvoerende Komitee op 'n Uitvoerende Komitee vergadering, of
- 11.2.2 enige lid van die Uitvoerende Komitee, op skrif gestel, of
- 11.2.3 enige ander persoon wat beweer dat hy/sy persoonlike kennis het van die beweerde feite, dan moet die Uitvoerende Komitee of 'n behoorlik aangestelde subkomitee die saak aanhoor in terme van die ²**Dissiplinêre Prosedure** soos per die verordeninge van die Klub, **Aanhangsel B** verwys

12. LEDE VERGADERINGS VAN DIE KLUB

In die breë gesproke kan besluite van die Uitvoerende Komitee en die van lede op een van drie maniere aangeneem word:

- i) by 'n vergadering by wyse van 'n stemming (hetsy op anonieme stem kaarte, 'n peiling, deur hand opsteek of andersins); of
- ii) vergaderings wat geheel of gedeeltelik gehou deur virtuele elektroniese kommunikasie,
- iii) geskrewe ³**rondomtalie besluite**.

12.1 Jaarlikse Algemene Vergadering

12.1.1 Die Jaarlikse Algemene Vergadering is die hoogste gesag van die Klub.

- a) Die Jaarlikse Algemene Vergadering vind plaas ⁴voor die einde van Junie maar nie later as ses maande na finansiële jaar einde.
- b) 'n ⁵**skriftelike kennisgewing** waarin die datum, tyd en plek uiteengesit word moet deur die Sekretaris uitgestuur word ten minste een en twintig (21) dae voor die datum van die vergadering, aan al die persone wat in aanmerking kom om die vergadering by te woon en deel te neem soos bepaal in **artikel 12.5**. Die volgende dokumentasie moet saam met die kennisgewing uitgestuur word:
 - (i) die agenda vir die vergadering
 - (ii) die notule van die laaste Jaarlikse Algemene Vergadering en of van enige Spesiale Algemene Vergaderings gehou sedert die laaste Jaarlikse Algemene Vergadering
 - (iii) 'n uitnodiging wat uiteensit die vereistes vir die wysiging van die konstitusie soos bepaal deur **artikel 19**.

12.1.2 Enige lid, wat verlang dat 'n voorstel by die agenda ingesluit moet word, of wat 'n wysiging of verandering aan die Konstitusie voorstel soos per **artikel 19**, sal sodanige voorstel skriftelik indien onder die handtekening van beide die voorsteller en die sekondant en sodanige voorstel/versoek moet die Sekretaris bereik nie minder nie as veertien (14) dae voor die vergadering. Beide die voorsteller en die sekondant moet teenwoordig wees by die vergadering. In hul afwesigheid sal die voorstel weg val.

12.1.3 In die geval van enige voorstel in terme van **artikel 12.1.2** ontvang, moet die Sekretaris 'n

² Aanhangsel B -Dissiplinêre Prosedure

³ Round robin resolutions, 'n innoverende besluitnemingsprosedure, waarby korporatiewe besluitneming in lyn gebring word met modern sakepraktyk deur uitdruklik voorsiening te maak vir die aanneming van besluite by wyse van 'n geskrewe rondomtalie metode

⁴ Bepaling van datum vir AJV

⁵ Skriftelike kennisgewing of AGM 21 dae

verdere kennisgewing aan al die lede uitstuur waarin die voorstelle uiteengesit word, nie minder as tien (10) dae voor die vergadering nie.

12.1.4 Die finale agenda van die vergadering moet deur die Sekretaris uitgestuur word ten minste tien (10) dae voor die datum van die betrokke vergadering, aan al die persone soos genoem in **artikel 12.5**.

12.1.5 Die agenda moet voorsiening maak vir die volgende sake:

- a) Verwelkoming/verskonings
- b) Bepaling van 'n kworum
- c) Aanvaarding van die notule van die vorige Jaarlikse Algemene Vergadering en of enige Spesiale Algemene Vergadering wat gehou is sedertdien.
- d) Sake voortspruitend uit die notule
- e) Oorweging van die Jaar Verslag van die Uitvoerende Komitee vir die vorigejaar op voorstel van die Uitvoerende Komitee
- f) Oorweging en aanvaarding van die Finansiële State (Rapport/verslag) van die Klub
- g) Nominasie en verkiesing van lede van die Uitvoerende Komitee
- h) Nominasie van 'n Rekeningkundige Beampte (onafhanklike derde party).
- i) Verkiesing van ere - lede (as daar is enige nominasies is)
- j) Die hantering van enige spesiale kwessies waarvan behoorlik kennis gegee is, in ooreenstemming met die Konstitusie
- k) Toekennings
- l) Sluiting van die vergadering

12.1.6 Die minute van die Jaarlikse Algemene Vergadering sal ⁶**versprei** word aan lede van die Klub binne **een en twintig (21) dae van die datum van die vergadering**.

12.2 Spesiale Algemene Vergaderings

12.2.1. Die voorsitter van die Klub kan enige tyd op eie inisiatief die hou van 'n Spesiale Algemene Vergadering belê, of alternatiewelik moet so vergadering belê word op die versoek van:

- a) die meerderheid van die Uitvoerende Komitee; of
- b) deur die Uitvoerende Komitee binne veertien (14) dae na ontvangs van 'n skriftelike versoek onderteken deur ten minste tien (10) lede van die Klub.

12.2.2 Die doel van die vergadering moet vermeld word in die versoek en geen ander kwessies sal by so vergadering bespreek word.

12.2.3 Die agenda van die Spesiale Algemene Vergadering sal gestuur word deur die Sekretaris ten minste veertien (14) dae voor die datum van die betrokke vergadering aan al die persone soos genoem in **artikel 12.5**.

12.2.4 Vir 'n spesiale besluit om by 'n ledevergadering aangeneem te word, moet dit ondersteun word deur minstens 75 % van die lede wat oor die besluit gestem het, of gevolmagtigdes van lede wat geregtig is om te stem.

12.2.5 As daar na dertig (30) minute geen kworum teenwoordig is, sal die mosie soos voorlê aan die Spesiale Algemene Vergadering geag word verslaan te wees.

12.3 Vergaderings by wyse van virtuele elektroniese kommunikasie

12.3.1 Tensy uitdruklik anders bepaal in die konstitusie word voorsiening gemaak vir die hou van lede vergaderings wat geheel of gedeeltelik gehou deur virtuele elektroniese kommunikasie,

⁶ Minute van AJV gesirkuleer word binne 21 dae na vergadering

- a) Indien besluit word op die hou van 'n lede vergaderings by wyse van virtuele elektroniese kommunikasie, moet,
- b) ten tye van kennisgewing van die vergadering aan lede of hul gevolmagtigdes moet hulle inlig word van die beskikbaarheid van die vorm van deelname,
- c) 'n Vergadering wat ingevolge die artikel belê word, moet enige aangeleenthede wat deur lede geopper word, met vooraf kennisgewing toelaat.

12.3.2 Beste praktyke wat gevolg moet word:

- a) Stel lede so gou as moontlik in kennis, t.o.v. besluit en reëlings vir virtuele deelname en verskaf periodieke opdaterings as tegniese en logistieke besonderhede verander.
- b) Sluit duidelike instruksies in die Kennisgewing van die vergadering in oor hoe om toegang tot die vergadering te verkry, vroeë tydens die vergadering op te stel, en stem oor besluite van lede.
- c) Verbind om 'n sinvolle vraag en antwoord sessie te verseker:
- d) maak duidelik aan die begin van die vergadering wanneer die vraag en antwoord sessie gehou sal word,
- e) laat deelnemers toe om vroeë in te dien, skriftelik of mondelings sodat alle persone wat deelneem in staat is om gelyktydig met mekaar te kommunikeer sonder 'n tussenganger, en om redelik effektief deel te neem in die vergadering,
- f) maak seker dat alle deelnemers kan sien en/of hoor watter vroeë gevra word, asook sien en/of hoor die antwoorde op daardie vroeë deur die direksie,
- g) laat genoeg tyd toe vir vroeë,
- h) maak die bywoning van vergaderings toeganklik vir lede en,
- i) maak voorsiening vir tegnologiese ontwirtings wat vergaderings kan vertraag.

12.3.3 Kies en toets vooraf 'n betroubare, veilige aanlyn platform wat spesifiek voorsiening maak vir virtuele kommunikasie, intydse interaksie en elektroniese stemming, en laat deelnemers toe om van enige plek oor algemene slim toestelle in te skakel.

12.3.4 Voor die datum van die virtuele vergadering, aanvaar en maak 'n maklik plan beskikbaar vir die hantering van tegnologie ontwirting en ingekort of onderbreek interaksie tussen die direksie en aandeelhouers wat aansluit afstand

12.3.5 Verseker veilige, effektiewe en kwaliteit tegniese ondersteuning insluitend:

- a) die oopmaak van telefoon- en virtuele verbindingslyne 30 minute voor die vergadering;
- b) tyd toe te laat voor die aanvang van die vergadering om voorsiening te maak deelnemers met die tegniese bystand en inligting nodig om gladde deelname te bekostig; en
- c) 'n hulplyn of virtuele bystand wat beskikbaar is vir deelnemers vir die duur van die vergadering.

12.3.6 Maak 'n video-opname van die volledige vergadering beskikbaar op die maatskappy se webwerf so gou as moontlik na die sluiting van die vergadering.

12.4 Rondomtalie Besluite (Round-Robin Resolutions)

12.4.1 Rondom-besluite kan gedoen word deur die skriftelike besluite per e-pos te sirkuleer en dan toe te laat dat dit in eweknie op aparte gedrukte dokumente onderteken word en dan teruggestuur word na die klub sodat dit saamgestel word om 'n saamgestelde getekende rondomtalie-resolusie daar te stel.

12.4.2 Indien die skriftelike besluite ondersteun word deur voldoende lede wat geregtig is om stemreg uit te oefen, word die besluit aangeneem en het dieselfde effek asof dit goedgekeur is deur stemming op 'n geldig uitgeroep vergadering.

- 12.4.3 lede word 20 werksdae toelaat om hul stemreg op sulke skriftelike besluite uit te oefen,
- 12.4.4 die besluit word effektief wanneer dit aanvaar word deur die vereiste stem drempel soos deur konstitusie bepaal vir die tipe besluit en is van krag sodra die vereiste stem drempel bereik is soos vereis.
- a) **Artikel 12.7.1** een derde van lede wat stem uitoefen by algemene vergadering
 - b) **Artikel 13.7.3** vyftig plus 1 vir bestuurskomitee vergaderings
 - c) **Artikel 12.2.4** vyf en sewentig persent van lede wat stem uitoefen by spesiale besluite
 - d) **Artikel 19** twee derde van lede teenwoordig
 - e) **Artikel 13.3.8** nominasies en verkiesing van bestuurslede, 'n Eenvoudige meerderheid van stemme is nodig om as verkies beskou te wees in 'n posisie.
 - f) rondomtalie resoluë/besluit sal aangeneem word en is effektief sodra voldoende stemme om te voldoen aan die vereiste stemreg drempel om die betrokke besluit te neem deur die klub ontvang is, nieteenstaande die 20-besigheidsdae tydperk.
- 12.5 Bywoning van en stemming by Lede Vergaderings
- 12.5.1 Die volgende persone kan die lede vergaderings van die Klub bywoon, deelneem in die besprekings, en stem op al die kwessies:
- a) die lede van die Uitvoerende Komitee soos genoem in **artikel 13.1**
 - b) opbetaalde Klub lede wat geregistreer is vir die huidige jaar en lid is van die Klub is vir ten minste ses (6) maande voor die vergadering.
 - c) nie deur 'n proses van skorsing en of dissipline verhoed word om te stem.
- 12.5.2 Persone soos uiteengesit hierbo in **artikel 12.5** wat teenwoordig is by die vergadering oor die ouderdom van agtien (18) jaar het almal een stem, lede onder ouderdom van agtien (18) kan verteenwoordig word deur 'n ouer of voog en het een stem.
- 12.5.3 Ere - lede, en gekoöpteer lede kan die vergadering bywoon en deelneem aan gesprekke, maar het geen stemreg nie, behalwe vir die uitsondering soos per **artikel 13.2.1**.
- 12.5.4 Stemming deur volmag is slegs moontlik waar skriftelike kennisgewing gegee word aan die Sekretaris voor die vergadering en dit uitgevoer word deur 'n geregistreerde Klub lid soos bedoel in **artikel 12.5.1(b)**.
- 12.6 Besluite geneem op die Lede Vergaderings
- 12.6.1 Besluite word gemaak deur stemming van die lede wat geregtig is om te stem in ooreenstemming met drempels bepaal soos per:
- a) **Artikel 12.7.1** een derde van lede wat stem uitoefen by algemene vergadering
 - b) **Artikel 13.7.3** vyftig plus 1 vir bestuurskomitee vergaderings
 - c) **Artikel 12.2.4** vyf en sewentig persent van lede wat stem uitoefen by spesiale besluite
 - d) **Artikel 19** twee derde van lede teenwoordig
 - e) **Artikel 13.3.8** nominasies en verkiesing van bestuurslede, 'n Eenvoudige meerderheid van stemme is nodig om as verkies beskou te wees in 'n posisie.
- 12.6.2 Met die uitsondering van die voorsitter van die vergadering (**artikel 12.8.2**), het elk wettige lid oor die ouderdom van agtien (18) of die voog van die lede onder die ouderdom van agtien (18) jaar, een (1) stem.
- 12.7 Kworum by Lede Vergaderings
- 12.7.1 Een derde (1/3) van die lede, wat volgens na **artikel 12.5** teenwoordig is en in aanmerking kom om te stem (**artikel 12.5.2**), vorm 'n kworum. Ere-lede (**artikel 9.2.5**) en gekoöpteerde lede

word nie in ag geneem as deel van die kworum.

12.7.2 Indien die vereiste kworum nie teenwoordig is na dertig (30) minute van die tyd waarop die vergadering moes begin, word die vergadering geag verdaag wees tot 'n datum nie vroeër as drie (3) dae vanaf dié datum van die vergadering, sonder verdere kennisgewing, en by dié vergadering also uitgestel, word die lede teenwoordig, en geregtig om te stem, geag 'n kworum te wees en kan die besigheid van daardie vergadering gefinaliseer word.

12.8 Voorsitter by Lede Vergaderings

12.8.1 Die Voorsitter treë op as die voorsitter by al die lede vergaderings van die Klub. In sy/haar afwesigheid sal die Vise-Voorsitter van die Klub optree as Voorsitter. In die afwesigheid van beide hierdie persone by 'n vergadering sal 'n voorsitter verkies word vanuit die teenwoordiges om op te treë as Voorsitter vir daardie spesifieke vergadering.

12.8.2 Die Voorsitter by enige lede vergadering het 'n normale sowel as 'n beslissende stem.

12.8.3 Stem beamptes (versamelaars en tellers) word aangestel deur die voorsitter van die vergadering.

13. UITVOERENDE KOMITEE

13.1 Verkose lede:

- 13.1.1 die Voorsitter
- 13.1.2 die Vise-Voorsitter
- 13.1.3 die Sekretaris
- 13.1.4 die Tesourier
- 13.1.5 'n Atlete Verteenwoordiger
- 13.1.6 dissipline Verteenwoordigers
- 13.1.7 twee addisionele lede

13.2 Aangestelde lede:

13.2.1 Gekoöpteer lede (Persone met uitsonderlike kennis kan gekoöpteer word deur die Uitvoerende Komitee op 'n ad hoc-basis. Aldus gekoöpteerde lede het stemreg slegs vir die spesifieke veld van kundigheid of projek waarvoor hulle aangestel is.)

13.3 Nominasie en aanstelling

- 13.2.1 Net Klub lede oor die ouderdom van agtien (18) jaar wat 'n opbetaalde lid is van die Klub vir ten minste ses (6) maande voor die vergadering kan genomineer en verkies word in posisies, soos uiteengesit in **artikel 13.1.1 tot 13.1.7**
- 13.2.2 Skriftelike Fes, op die amptelike voorgeskrewe vorm, moet aan die Sekretaris voorgelê word nie later as agt-en-veertig (48) uur voor die lede vergadering. Hierdie reël is nie van toepassing op lede wat genomineer is vir herverkiesing.
- 13.2.3 Nominasies moet die nodige handtekeninge van die genomineerde kandidaat, 'n voorsteller en 'n sekondant dra, wie almal opbetaalde lede van die klub moet wees soos per **artikel 13.3**
- 13.2.4 'n Persoon kan genomineer word vir meer as een posisie op die Uitvoerende Komitee, maar mag nie verkies word vir meer as een posisie op die Uitvoerende Komitee.
- 13.2.5 Die genomineerde kandidaat moet teenwoordig wees by die lede vergadering, anders sal die nominasie as nietig beskou word, behalwe waar die Uitvoerende Komitee toestemming verleen vir die persoon se afwesigheid.
- 13.2.6 Geen verdere aansoeke sal aanvaar word tydens die vergadering, behalwe in die geval van onvoldoende nominasies.
- 13.2.7 Verkiesings vind plaas tydens die Jaarlikse Algemene Vergadering en word gedoen deur middel van 'n stembrief tensy anders bepaal deur vergadering, behalwe waar slegs een persoon genomineer word, in welke geval daardie persoon beskou sal wees as onbestrede verkies in die posisie.

- 13.2.8 'n Eenvoudige meerderheid van stemme is nodig om as verkies beskou te wees in 'n posisie.
- 13.2.9 'n Afrigter word aangestel deur die Uitvoerende Komitee en dien *ex officio* op die Uitvoerende Komitee sowel as al die ander sub-komitees van die Klub.
- 13.4 Termyn van ampsdraers
- 13.2.1 Die termyn vir enige portefeulje sal wees van AJV tot AJV, ampsdraers kan jaarliks herverkies word indien daar nie ander nominasie is vir die spesifieke portefeulje in welke geval 'n verkiesing moet plaasvind om die kandidaat te bepaal wat die portefeulje sal okkupeer.
- 13.2.2 Die Voorsitter word verkies tot die volgende AJV
- 13.2.3 Die Vise-Voorsitter word verkies tot die volgende AJV
- 13.2.4 Die Sekretaris word verkies tot die volgende AJV
- 13.2.5 Die Tesourier word verkies tot die volgende AJV
- 13.2.6 Die Atlete Verteenwoordiger word verkies tot die volgende AJV
- 13.2.7 Twee addisionele lede word verkies tot die volgende AJV
- 13.2.8 Gekoöpteer lede word verkies vir 'n termyn van een (1) jaar.
- 13.2.9 As 'n lid van die Uitvoerende Komitee sterf, bedank of sy/haar posisie ontruim vir enige ander rede as die normale verloop van tyd, dan moet die vakature van die oorblywende tydperk gevul word deur dieselfde proses as dié van die normale verkiesing of aanstelling van die lede van die Uitvoerende Komitee.
- 13.5 Ontslag uit die posisie
- 13.2.1 'n Uitvoerende Komitee lid kan onthef word van sy/haar posisie vir die volgende redes:
- 13.2.2 as hy/sy twee (2) agtereenvolgende vergaderings van die Uitvoerende Komitee nie bywoon sonder 'n bevredigende verskoning; of
- 13.2.3 as 'n gevolg van nalatigheid of ernstige verwaarlosing van sy verpligtinge; of
- 13.2.4 in terme van die bevindings van 'n dissiplinêre vergadering.
- 13.6 Magte en pligte van die Uitvoerende Komitee
- 13.2.1 In oorstemming met die reëls en regulasies van die Konstitusie, is die Uitvoerende Komitee in beheer en word gesien as die uitvoerende gesag van die Klub en aldus is hulle besluite bindend vir die lede van die Klub tot so 'n tyd dat die besluite of herroep word, of tersyde gestel of verander word, by 'n Algemene Vergadering.
- 13.2.2 Die Uitvoerende Komitee kan enige van hul take delegeer aan subkomitees bestaande uit 'n lid of lede van die Uitvoerende Komitee. Met dien verstande dat by die uitvoering van die take also gedelegeer moet daar voldoen word aan die regulasies en reëls wat deur Uitvoerende Komitee voorgeskryf is.
- a) Die Uitvoerende Komitee kan ook ander persone aanstel wat nie lede van die Uitvoerende Komitee is om op die komitee te dien.
- b) Die vergaderings en verrigtinge van so 'n komitee is onderhewig aan die regulasies van hierdie Konstitusie in terme van die reëlings van vergaderings en verrigtinge van die Uitvoerende Komitee.
- c) Enige handeling van die subkomitee is onderhewig aan die goedkeuring van die Uitvoerende Komitee aan wie hulle op 'n gereelde basis moet rapporteer.
- 13.2.3 Alle bona fide-optrede of handeling van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee, of van 'n subkomitee van die Uitvoerende Komitee, of van 'n persoon wat optree as 'n lid van die Uitvoerende Komitee, is geldig en word geag as of die Uitvoerende Komitee dit self gemaak het, en dat die betrokke persoon was aangestel is dit behoorlik uitgevoer het en by magte is as

'n lid van die Uitvoerende Komitee, selfs al blyk dit later dat 'n fout gemaak is in die aanstelling van so 'n persoon, of in die uitvoering van aksies deur so 'n persoon wat opgetree het soos genoem, of dat hulle, of iemand van hulle, geag ongekwalifiseerde is.

- 13.2.4 Sonder om afbreuk te doen aan enige van die algemene bevoegdhede, het die Uitvoerende Komitee het ook die volgende bevoegdhede en pligte:
- a) om 'n verteenwoordiger vanuit die lede van die Uitvoerende Komitee te kies as Klub verteenwoordig by enige van die dissiplines;
 - b) om enige bevoegdheid en/of enige regte wat die Konstitusie of die Algemene Vergadering aan hulle vertrou uit te voer;
 - c) om sodanige verordeninge soos nodig geag mag word af te kondig vir die doeltreffende uitvoering van hulle magte en pligte, met die verstandhouding dat geen verordening strydig mag wees met die Konstitusie;
 - d) die benoeming en goedkeuring van ere - lede van die Klub;
 - e) om sommige van hul bevoegdhede of pligte te delegeer aan een of meer persone;
 - f) die aanstel van sameroepers van subkomitees vanuit die lede van die Uitvoerende Komitee, wie verantwoordelik sal wees vir die samestelling en funksionering van subkomitees in ooreenstemming met die verordeninge;
 - g) oorweging te gee aan en maak van besluite of die voorstel wat ingedien word deur enige subkomitee of ad hoc - komitee wat aangestel is van tyd tot tyd;
 - h) om verslag te doen aan die Algemene Jaarvergadering op hul optrede sedert die vorige Jaarlikse Algemene Vergadering;
 - i) om te verseker dat goeie rekeningkundige praktyke gehandhaaf word in ooreenstemming met die ⁷**Finansiële Beleid** van die Klub;
 - j) om 'n Dissiplinêre Komitee van vier (4) lede aan te stel, van wie een (1) 'n Klub lid moet wees, en een (1) lid van die Uitvoerende Komitee en verkieslik 'n persoon met regs (legal) agtergrond, die ander lede kan enige persoon wees;
 - k) om goeie orde in die Klub te handhaaf en waar nodig, op aanbeveling van die Dissiplinêre Komitee, af te dwing t.o.v. enige dissiplinêre optrede teen ampsdraers of lede;
 - l) om 'n Appel Komitee, saam te stel bestaande uit 'n regs adviseur as die Voorsitter en twee lede, wanneer nodig;
 - m) om dispute tussen die ampsdraers en/of lede van die Klub op te los;
 - n) aanstel van personeel;
 - o) die saamstel of aanstel van sameroepers, subkomitees of ad hoc - komitees. Die sameroepers moet hul komitees aan die Uitvoerende Komitee voorlê vir goedkeuring;
 - p) om aansoeke van lidmaatskap te oorweeg in ooreenstemming met **artikel 9** en om te lidmaatskap fooie en kategorie te bepaal;
 - q) lede van die Uitvoerende Komitee wat nie lede van so 'n subkomitee is, kan die vergaderings van enige subkomitee bywoon en deel neem in die besprekings, maar mag nie stem nie;

13.7 Vergaderings en Kworum van die Uitvoerende Komitee

13.2.1 Die Uitvoerende Komitee moet ten minste twee (2) keer per jaar vergader vir die effektiewe bestuur van die Klub en die voltooiing van hul take.

13.2.2 Die Voorsitter van die Klub sal bepaal wanneer hierdie vergaderings sal plaasvind.

⁷ Aangansel C – Finansiële Beleid

13.2.3 Die bywoning van vyftig persent plus een (50%+1) van die verkose lede vorm 'n kworum.

13.2.4 Besluite word gemaak deur 'n eenvoudige meerderheid van stemme.

13.2.5 Klub lede kan, op versoek, enige van die vergaderings bywoon van die Uitvoerende Komitee, maar mag nie stem nie op enige kwessie by sulke vergaderings.

13.8 Voorsitter by die Uitvoerende Komitee Vergaderings

13.2.1 Die Voorsitter tree op as die voorsitter by al die Uitvoerende Komitee vergaderings van die Klub. In sy/haar afwesigheid sal die Vise-Voorsitter van die Klub optree as voorsitter. In die afwesigheid van beide hierdie persone, sal die betrokke vergadering 'n voorsitter verkies van uit die teenwoordig om op te tree as voorsitter vir daardie spesifieke vergadering.

13.2.2 Die voorsitter is by enige Uitvoerende Komitee-Vergadering 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.

13.9 Hersiening en die Nietigverklaring van Besluite

13.2.1 Enige besluit van die Uitvoerende Komitee kan herroep of hersien word deur 'n Algemene Vergadering van die Klub.

14. BESTUURSKOMITEE

14.1 Die Uitvoerende Komitee stel 'n Bestuurskomitee aan, bestaande uit die Voorsitter, die Vise-Voorsitter en die Tesourier, om dringende sake namens die Uitvoerende Komitee te hanteer.

14.2 Die bywoning van vyftig persent plus een (50%+1) van die lede vorm 'n kworum vir die bestuurskomitee.

14.3 Besluite word gemaak deur 'n eenvoudige meerderheid van stemme.

14.4 Al die besluite word verwys na die volgende Uitvoerende Komitee Vergadering vir goedkeuring.

15. DIE VOORSITTER

15.1 Die Voorsitter is die uitvoerende hoof van die Klub. Onder sy/haar voorsitterskap en in ooreenstemming met die beleid van die Klub word beheer en toesig deur die Uitvoerende Komitee uitgeoefen.

15.2 In sy/haar afwesigheid of die van die Vise-Voorsitter, word 'n voorsitter vir 'n die bepaalde vergadering gekies in ooreenstemming met **artikel 12.8**.

15.3 Die Voorsitter is 'n *ex officio* lid van alle subkomitees en of ad hoc - komitees van die Klub.

16. FINANSIES

16.1 Beheer van die finansies

16.1.1 Die administrasie van die fondse is soos volg:

- a) Klub fondse word geadminestreer deur die Tesourier van die Klub in samewerking met die Uitvoerende Komitee.
- b) 'n hersiene Inkomste en Balans Staat van die finansiële jaar moet jaarliks ingedien word by die Jaarlikse Algemene Vergadering.
- c) Begrotings vir elke jaar moet opgestel word en goedgekeur word by Algemene Jaarvergadering. Die tesourier moet gereeld aan die Uitvoerende Komitee rekenskap gee op 'n voortdurende basis.

16.1.2 Klub fondse word gegenereer uit lidmaatskap fooie, skenkings, borgskappe, boetes, verkope en spesifieke projekte wat goedgekeur word deur die Uitvoerende Komitee.

16.2 Finansies en Verslae

16.2.1 **Bankrekening:** Die Uitvoerende Komitee moet 'n bankrekening open in die naam van die assosiasie met 'n geregistreerde Bank.

16.2.2 Die **ondertekening** van amptelike dokumente wat 'n handtekening namens die assosiasie moet hê sal onderteken word deur minstens twee persone wat gemagtig is deur die Uitvoerende Komitee. Wanneer fondse geneem word uit die bankrekening vir uitgawes wat die Uitvoerende

Komitee goedkeur moet dit deur Tesourier onderteken word.

- 16.2.3 **Finansiële** jaar-einde: Die finansiële einde van die jaar van die Klub is **⁸31ste Desember van elke jaar**.
